# ERMELO

## 1880 - 1957

ERMELO is vernoem na die geboorteplek van ds. Frans Lion Cachet in Holland. Hy was die eerste predikant van die N.G. Kerk te Ermelo. Gedurende die 1899-1902-oorlog is die dorp totaal verwoes. Die fenomenale heropbou word gesimboliseer deur die Phoenix in die dorpswapen.

---

Die dorpswapen simboliseer ook die ryk minerale neerslae soos steenkool, torbaniet, ens., wat in die distrik ontgin word, asook die landboubedryf en veeteelt wat oorwegend in die distrik is.

---

Voldoende hoeveelhede water, elektriese krag en arbeid bied aan nyweraars 'n uitstekende belegging en die ligging van die dorp en bevolking bied 'n winsgewende afsetgebied.

---

ERMELO is per spoor verbind met die vernaamste stede en dorpe in die Unie. Tariewe vir munisipale dienste is besonder laag. Nywerheidspersele met of sonder privaat sylyne is beskikbaar teen billike pryse.

---

Inwoners van die dorp kan gebruik maak van die besondere geriewe wat daargestel is, soos: onderwys tot en met matrikulasie, handelsonderwys, hospitaal, biblioteek, agtien putjie-gholfbaan en alle ander sportsoorte, asook dienste wat deur die munisipaliteit gelewer word.

---

ERMELO: 'n Kleurryke verlede — 'n kleurvolle toekoms.

---

Verdere besonderhede is verkrygbaar van die

**Stadsklerk - Posbus 48 - Telefoon 701**